

17 April

**Skrifgedeelte: Spreuke 3:1-12**

**Fokusgedeelte: Spreuke 3:1, 2**

**Lewe is om altyd te oordink en te doen wat die Here vra!**

Hierdie 12 verse is in ses groepe van twee verse elk gerangskik. Elke groep begin met 'n aanmoediging (vs. 1, 3, 5, 7, 9, 11) gevolg deur 'n ooreenstemmende belofte (vs. 2, 4, 6, 8, 10, 12). Die belofte word só oorgedra dat dit die hoorder sal aanmoedig om die aanbevole pligte te volvoer.

In vers 1 word dit baie duidelik gestel dat die onderwysing of onderrig of wette nooit vergeet mag word nie. Die mees natuurlike, om maar te vergeet, mag nie gebeur nie! Hoe is dit moontlik? 'n Aktiewe emosionele toegeneentheid, 'n toegewyde liefdevolle gehoorsaamheid aan die wette maak dit wel moontlik. Die "nie-vergeet" van die wette sal hoofsaaklik afhanklik wees van die toewyding waarmee dit ontvang word. Daar mag 'n historiese herinnering aan of 'n verstandelike instemming wees, maar dit is nie genoeg om hierdie opdragte uit te voer nie. Nee, "laat jou hart my gebooi bewaar". Die hou van die gebooi moet 'n daad van liefde aan God wees.

Die loon vir gehoorsaamheid aan die aanmoediging is 'n lang lewe. In die Ou Testament word 'n lang lewe sinoniem met geluk gestel. Belangrik, dit gaan egter nie net daarvoor om lank te lewe nie, maar om 'n gelukkige lewe tot eer van die Here te hê. 'n Belangrike onderdeel van 'n gelukkige lewe is om in vrede te leef. Die evangelie van Jesus Christus is dan juis die vrede en vrypraak wat deur die bloed van Jesus Christus verkry kan word.

Leef u so in gehoorsaamheid aan die onderwysing dat u daaglik die belofte van vrede in u lewe ervaar?

Sing: Skrifberyming 1-1 (24):7

Ds. SJ Hibbert (Koster)